# BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

DR. A.J. BÖESEKEN, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658—1700*. Tafelberg, 1977, 288 pp., R10,50.

Met hierdie boek het dr. A.J. Böeseken haar belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangevul. Sy is 'n kenner van die Kaapse geskiedenis in sy vroeg-koloniale fase, het jare lank dokumente gehanteer wat op die bekende reeks uitgawes *Resolusies van die Politieke Raad* uitgeloop het, en op die twee bekende onlangse werke oor Jan van Riebeeck en Simon van der Stel waarvoor sy die Stalsprys vir kultuurgeskiedenis verwerf het. Sy sal in ons historiografie onthou word vir haar produktiwiteit, haar wetenskaplike deeglikheid en liefde en ywer waarmee sy die geskiedenis bejeën en beoefen het.

Die boek handel oor slawe en vry Swartes aan die Kaap gedurende die tydperk 1658 tot 1700. Die skryfster het 'n reeks bronne, "Transporten en Schepenkennis", wat voorheen onbenut gelaat is, gebruik om tot 'n intieme kennis van die slawe en slawe-eienaars te geraak. Tesame met bronne wat in Indonesië en Nederland gevind is, kon sy vir ons 'n nuwe beeld rekonstrueer van 'n tema waaroor prof. W. Blommaert nie verder kon vorder as sy onvoltooide *Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap* nie. Die verhaal van slawerny aan die Kaap is nog nooit behoorlik geboekstaaf nie.

Die boek van dr. Böeseken is nie net om dié rede belangrik nie, maar ook vanweë sy bydrae tot die internasionale literatuur oor die tema waaroor daar so baie in die Weste, veral in Amerika, gepubliseer word. Dit hang saam met die Afrikageskiedenis en die Amerikaanse "Neger"-probleem. Die boek verskaf materiaal vir 'n vergelykende studie, want slawerny is oral in die Weste tydens die Kaapse koloniale fase beoefen. Die studie is nie bedoel as 'n vergelykende geskiedenis nie, maar ons vind verwysings na en literatuur oor die slawerny in ander lande. Die studie werp ook lig op die oorsprong van ons Kleurlingbevolking en op die vroeë Blanke koloniste self wat betref hulle verhouding tot hul slawe en die arbeidsprobleem waaraan slawerny gekoppel was. As sodanig is dit 'n belangrike bydrae tot die sosiale geskiedenis wat vandag so sterk in tel in die wêreld is. Dit is die "gewone mense" wat in die Westerse historiografie in die sentrum van die historiese belangstelling staan, slawe, arbeiders, boere en industriële werkers, selfs "drop-outs" en "outcasts".

Deur die gebruik van primêre bronne het dr. Böeseken vasgestel waarvandaan die slawe wat na die Kaap gebring is, afkomstig was. Uit die transaksies by eienaar-verwisseling het interessante feite te voorskyn gekom, ook wat naamgewing betref. Die transaksies word agter in die boek opgesom (pp.123—194). Ons word bekend gemaak met die geslag, ouderdom, plekke van herkoms, pryse wat betaal is, straf wat toegepas is, hulle behandeling en die toestande waaronder hulle gewerk en geleef het, waardeur ons 'n beeld kry van die lewe van heelwat slawe wat teen die middel van die 17e eeu na die Kaap gebring is. Dit word duidelik wat die houding van die Kompanjie teenoor slawerny was en enkele gebeurtenisse getuig dat die slawe onder die wette van die Kompanjie beskerm is. Hulle kon selfs met klagtes na die owerheid gaan waaruit stappe ter verbetering van hulle toestand gevloei het.

Vrygestelde slawe, ook genoem "vry Swartes", kon hulle plek in die Kaapse samelewing inneem en die lief en leed van hulle voormalige eienaars deel. Sommige het grond besit, handelaars geword en ondernemers wat selfs Blankes in diens geneem het.

Dit is 'n stewig gefundeerde wetenskaplike werk, met simpatie geskryf en nie sonder humor nie. Dit is dr. Böeseken se eerste werk in Engels. Vanweë die belangrikheid daarvan behoort dit goed in oorsese akademiese kringe ontvang te word.

F.A. VAN JAARSVELD
*Universiteit van Pretoria*

G.C. OLIVIER, *Suid-Afrika se Buitelandse Beleid*. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1977, 236 pp. R12,50.

Hierdie werk is belangrik sowel vanweë die tema as die feit dat dit gedien het as die eerste doktorale proefskrif in Suid-Afrika wat in die vak Internasionale Politiek verwerf is, en wel aan die Universiteit van Pretoria waar die vak aangebied word. As sodanig is dit baanbrekerswerk. Die tema lê in 'n veld wat vandag lewensbelangrik vir Suid-Afrika geword het, nl. buitelandse sake. Dit gaan nie om die Departement nie, maar om sy werking, die inhoud waarmee dit daagliks te doen het.

Prof. Olivier begin by die hoogtepunte in die Suid-Afrikaanse diplomatieke geskiedenis, gaan dan oor na die binnelandse determinante van die buitelandse beleid, die verhoudinge op multilaterale en bilaterale vlak, behandel daarna die verhouding tot Afrika en die algemene rigsnoere van optrede in die internasionale politiek, waarna die strukturele en funksionele aspekte van buitelandse beleidsvorming aan die beurt kom. Die werk word afgesluit met die skrywer se gevolgtrekking en 'n slotbeskouing. Die skrywer bied eers 'n teoretiese raamwerk aan en daarna 'n empiriese ondersoek; ons word bekend gestel met die vraagstukke wat staatsmanne ondervind het, die oriëntering van Suid-Afrika in die wêreldpolitiek en die dinamiese aspek van sy buitelandse beleid.

Die boek dien as 'n goeie wetenskaplike inleiding vir enigiemand wat meer te wete wil kom oor ons buitelandse posisie, wat deur prof. Olivier as 'n "dilemma" omskryf word (p.213). Kennis daaroor ontbreek in 'n groot mate. Weliswaar het dr. G.D. Scholtz werk in dié veld gelewer, o.a. *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek* (1952), *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word* en *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* (1964), waarin hy probeer voorsiening maak het in die behoefte aan kennis oor ons posisie in die wêreld. Maar dié boeke het met die snelle voortgang van die wêreldpolitiek spoedig verouder. Daarom dat die werk van prof. Olivier in 'n behoefte voorsien, nie net as handboek in die Internasionale Politiek as vak nie, maar ook vir die geskiedenis.

Die historikus is geneig om hom slegs op die binnelandse politiek toe te spits, selfs ook die eietydse geskiedenis, terwyl buitelandse verhoudinge verwaarloos word; moontlik vanweë die eietydse karakter daarvan, wat die toegang tot amptelike bronne versper. Die boek van prof. Olivier wat tot op datum gebring is, voorsien dus ook die kennis wat deur die historikus benodig word. Dit sal tot begrip lei van ons situasie by die politikus en die kieser. Vandag meer as tevore het die politiek kennis van internasionale sake nodig omdat dit met ons almal se bestaan gemoeid is.

Met die nodige kennis kan aanpassings in die binnelandse beleid gemaak word, want ons buitelandse posisie, so toon prof. Olivier baie duidelik aan, is in 'n groot mate afhanklik van ons binnelandse beleid; trouens ons binnelandse "rassebeleid" noem die skrywer "die belangrikste enkele faktor" wat verhoed dat die staat 'n meer dinamiese buitelandse beleid kan volg. Hy vind dat daar 'n onversoenbaarheid bestaan tussen die binnelandse rassebeleid en die internasionale moraliteit wat sedert die Tweede Wêreldoorlog na 'n "nuwe gewete" met "menseregte" as sentrale tema gelei het. Tans is Suid-Afrika geïsoleer en onder internasionale sensuur en buitelandse druk.

Hy sal al meer erken moet word as 'n Afrikastaat en word daarmee geïdentifiseer. Hy sal 'n rol in die internasionale politiek as "Afrikastaat" kan en moet speel, wat ingrypende veranderinge in sy tradisionele verhouding tot die Weste sal meebring. Hy word nie meer soos in die dae van die Ou Statebond as 'n "Blanke land" en onderdeel van die Weste gesien nie. Die skrywer konkludeer dat "as Suid-Afrika nie van rassisme in sy amptelike beleid en sy rassistiese beeld ontslae kan raak nie, is hy gedoem" (p.228). Hy het in die pad van die stoomroller van gelykmaking beland en sal van rassediskriminasie ontslae moet raak, wil hy sy internasionale posisie verbeter. Sy buitelandse beleid kan net so suksesvol wees as wat sy binnelandse beleid toelaat. Vandaar die huidige beeld van binnelandse "hervormings". Sy pad lê oop as 'n resultant tussen òf hervormings òf oorlog.

Te oordeel na die kernbibliografie en kritiese apparaat het die skrywer baie moeite gedoen om inligting te bekom, wat hy volgens die staatsleermetode ontledend verwerk het. Die boek is 'n deeglike wetenskaplike publikasie waarmee 'n diens aan Suid-Afrika bewys is. Dit hoort tuis op die rak van elkeen wat dit met sy land ernstig bedoel.

Die boek illustreer hoe nou verwant die geskiedenis, die internasionale politiek en die staatsleer is, die een kan vandag nie sonder die ander klaarkom nie; hulle is tweelingbroers elk met sy eie aard, karakter en metode. Die beoefening van die eietydse politieke geskiedenis het baie raakvlakke met die politologie. Beide dien om die eie bestaan te belig en om die mens in sy wêreld te oriënteer. Die spreekwoord "kennis is mag" het hierop betrekking.

F.A. VAN JAARSVELD
*Universiteit van Pretoria*

E.C. TABLER, *Pioneers of Natal and Southeastern Africa, 1552—1878.* A.A. Balkema, Cape Town, 1977, x + 117 pp., R9,50.

Hierdie boek handel oor vreemdelinge wat in die gebied tussen die Umzimkulurivier, die Indiese Oseaan, die Drakensbergreeks en die Limpoporivier gejag, handel gedryf en rondgereis het. Die mense het

nie tot die oorspronklike bevolking van die gebied, die Zoeloes, Swazi's en Tongas, behoort nie. In wese bestryk die boek 'n deel van Natal, Swaziland, Suidelike Mosambiek en die Transvaalse Laeveld.

Van elke afsonderlike persoon is daar 'n lewensoorsig: waar hy gewoon en gewerk het, hoe en waar hy gereis het en veral wat hy bereik het. Die werkmetode wat hierby gevolg is, is dieselfde as in die skrywer se boeke oor die pioniers in Rhodesië, Suidwes-Afrika en Ngamiland. Tereg is gegewens wat uitvoerig in daardie boeke vermeld is, nie hierin herhaal nie. Daar is ook geen aandag geskenk aan die Voortrekkers, Natalse setlaars, offisiere en manskappe van skepe en die Noorse sendelinge nie. Gevolglik ontbreek heelwat belangrike gegewens, omdat dit reeds uitvoerig in die ander werke van die skrywer vermeld is of maklik elders beskikbaar is.

Nadruk word gelê op persone wat minder bekend is, of van wie nie so maklik gegewens bekombaar is nie. Die skrywer het wye navorsing verrig, maar inligting oor Portugese en oorlewendes van Portugese skipbreuke was maar karig. Dit is ook begryplik dat daar oor slawehalers en -handelaars, seerowers en walvisvaarders nouliks veel bekend kan wees — reeds tydens hul lewe kon daardie soort werk nie altyd die volle sonlig verdra nie.

Binne die beperkte gebied wat oorbly, is die feite egter met groot sorgvuldigheid uiteengesit. In 'n uitvoerige bespreking oor Delegorgue kom byvoorbeeld ene Henning voor, 'n jagter en gids. Dieselfde Henning word ook afsonderlik 'n slag genoem. Dis hierdie kruisverwysings wat baie waardevol is.

Dit is 'n boeiende verhaal; die harde kleurryke lewe wat hierdie mense geken het, is vandag nie vry van romantiek nie.

Die uitstekende verwysingsmetode bied op sigself 'n oorsig van bronne wat in verband met die geskiedenis van hierdie gebied in ruim drie eeue beskikbaar is. Daar is verder 'n kort samevatting en 'n uitvoerige indeks. Die boek is onmisbaar vir enige historikus wat hom op die vroeg-vaderlandse geskiedenis toespits. Dit is deel 23 in die reeks "S.A. Biographical & Historical Studies".

F.G.E. NILANT
*Universiteit van Pretoria*

J. BURMAN, *The False Bay Story*. Human & Rousseau, Cape Town, 1977, 181 pp., illus., index, bibl.

To those who have handled the old maps of the Cape Peninsula showing the "Baaij Fals" in large ornamental letters, the title of this book conjures up pleasant memories. It tells the history of all the historic places fanned out along the shore of this enclave lying to the east of "the most famous promontory in the world", from Cape Point (Den Uitersten Hoek on some of the old Dutch maps) at the western end to Hangklip in the east: Simon's Bay, Muizenberg, Kalk Bay, Fish Hoek, The Strand and Gordon's Bay. In addition there are chapters on events such as the Battle of Muizenberg and on Wrecks and Lighthouses.

The book takes up the story of the bay with the Portuguese discoveries when the name probably originated from the False Cape which seems to have been Cape Hangklip — a point which could easily be mistaken by mariners coming from the east as the *real* Cape, Cape Point, where they could turn their bows in a northerly direction again. It then traces the history of the bay through the Dutch period, when Commissioner Rijckloff van Goens suggested as early as 1655 that a canal be dug from Table Bay to False Bay to counter the cattle thieving by the Khoi (Hottentots) (and emphasizing also the Company's determination not to expand the settlement), and when Hottentots-Holland was discovered by wandering free burghers in 1657 through the 19th and right into the 20th century.

The material makes romantic reading and has been selected in a way the academic historian cannot afford — the most readable anecdotes have been included and the dry wood cut out. Thus the author has succeeded in making the story of the bay a very human one. There are accounts of human suffering such as that of the Dutch ship *Orangien* which pitched anchor in the Bay in 1662 and sent an urgent message overland to the Fort to say that 39 crew members were dead and another 150 seriously ill with scurvy. There are also more lighthearted stories such as the one of the widow Cloete who in part payment for her grazing rights at Gordon's Bay was to deliver 200 oysters every halfyear to the governor. Amusing also is the quotation from a guide book of 1907: "Gordon's Bay is famous for honeymoons, and that is why, if we were newly married we wouldnt take our bride to Gordon's Bay, for it teaches a young couple to be disingenuous. No matter who goes to Gordon's Bay with a young wife, they are quizzed and inspected just as though they had not been married at least ten years..."

In regard to place names and as local history the book certainly has made a significant contribution

by reviving such original names as Ysselsteijn Bay (for Fish Hoek) and Vishoek (for Gordon's Bay) and by recounting the history of famous landmarks such as the popular Farmer Peck's Inn at Muizenberg.

The book is profusely illustrated by means of photographs and maps. It is obviously history writing done out of love for the topic, and, although it does not conform to the standards of scientific history, it will achieve something which professional historians rarely do with their products — that it will be read by the general public, and enjoyed.

D.H. HEYDENRYCH
*University of Pretoria*

DAVID IRVING, *The Trail of the Fox, The Life of Field-Marshal Erwin Rommel.* Weidenfeld and Nicolson, London, 1977, viii + 448 pp., illus., 2 maps.

Selde nog het 'n veldheer die verbeelding van sy vyande so aangespreek as veldmaarskalk Erwin Rommel. In 1942 moes sy opponent in Noord-Afrika, veldm. C.J. Auchinleck, selfs 'n waarskuwing uitreik dat die troepe Rommel nie as 'n bomenslike generaal moes beskou nie. Ook onder die Duitsers bly hy in die herinnering as een van die weinige offisiere wat nie deur die Nazi-verlede besmet is nie. Tallose strate en selfs 'n torpedojaer van die Wes-Duitse vloot is na hom vernoem.

Rommel se lewe is vir die eerste keer vlak ná die oorlog deur die Britse brigadier Desmond Young beskryf (*Rommel,* London, 1950). Uit die aard van die saak kon Young maar weinig dokumente raadpleeg — die bekende *Rommel Papers* het eers later verskyn (B.H. Liddell, Hart, *The Rommel Papers,* London 1953) — maar sy werk dra tog 'n baanbrekende karakter deurdat hy die mondelinge getuienisse van baie van Rommel se vriende en familielede daarin kon verwerk. Dit was pas in 1968 dat Ronald Lewin 'n tweede boek oor Rommel, gebaseer op gepubliseerde bronne, kon skryf (*Rommel as Military Commander,* London).

En nou het die jongste en erg uitgebreide biografie van die omstrede Engelse historikus David Irving die lig gesien. Dit ly geen twyfel dat Irving, wat al verskillende werke oor die Tweede Wêreldoorlog geskryf het, hom ontsaglike moeite getroos het om alle gepubliseerde en ongepubliseerde materiaal oor Rommel se lewe te versamel nie. Uit argiewe in Amerika, Brittanje, Duitsland en Italië het lang vergete dokumente — waaronder byna die hele Rommeldagboek en joernale van verskillende eenhede — hul geheime ontsluier. Van solders is onbekende dagboeke, briewe en herinneringsgeskrifte gehaal en afgestof. Urelange gesprekke is met kennisse van Rommel gevoer.

Die resultaat beteken niks minder as 'n aansienlike hersiening van die Rommelbeeld nie. Irving het daarin geslaag om tallose misverstande op te helder en die historiese wetenskap behoort hom ongetwyfeld dankbaar te wees vir die magdom nuwe feite wat hy aan die lig gebring het.

Irving se aanpak is hoogs onortodoks. Sy beskrywing, wat besonder boeiend is en byna soos 'n roman lees, word afgewissel deur stukke in kursief waarin hy vertel hoe sy speurtog na materiaal gevorder het. Waar dit die boek vir die leek des te aantrekliker maak, doen dit egter aansienlik af aan die wetenskaplike waarde daarvan. Sy byna joernalistieke benadering bring mee dat hy plek-plek ter wille van effek oordryf en soms kennelik feite versin, hoewel dit geen belangrike sake betref nie. 'n Voorbeeld: tydens die lang terugtog van El Alamein na die Tunesiese grens, eind 1942, kyk Rommel en sy staf na 'n aktuele propagandafilm waarin Rommel kort tevore voorspel het dat sy Duits-Italiaanse leër binnekort by die Suezkanaal sou staan. Dit was seker 'n oomblik van verleentheid vir hom, en, so skryf Irving, "...the blood rushed to his cheeks" (p.224). Maar dit was aand, en niemand kon tog sien hoe hy rooi word nie! Dergelike onhistoriese vryhede kom veelvuldig voor.

'n Verdere nadeel van Irving se strewe om pakkend en boeiend te skryf — hoe loflik dit op sigself ook al mag wees — is die feit dat hy alle sake wat 'n enigsins ingewikkelde analise noodsaak, ignoreer of baie oppervlakkig behandel. Slegs by hoë uitsondering word afwykende menings deur vorige skrywers weergegee, laat staan dat dit geanaliseer of teen die getuienis van meer betroubare bronne opgeweeg word.

'n Tipiese voorbeeld hiervan is Rommel se houding t.o.v. die verset teen Hitler, wat uitgeloop het op die mislukte aanslag van 20 Julie 1944. Irving tipeer Rommel as volkome getrou aan Hitler. Hoewel hy dit soms ná die Geallieerde inval in Normandië oorweeg het om Hitler uit te daag en die Wesfront oop te gooi sodat die Geallieerdes kon deurstoot na Berlyn om dan gesamentlik met die Duitsers teen die Russe op te trek, kon hy dit in die laaste instansie nooit regkry nie. Tot op die laaste het hy, sy ontnugtering t.o.v. die Führer ten spyt, trou gebly.

Nou is dit 'n feit dat daar verskillende weergawes hiervan bestaan. Baie belangrik in dié opsig is die besoek van dr. Karl Strölin (burgemeester van Ulm en in die geheim 'n prominente lid van die verset) aan Rommel in Februarie 1944 by dié se huis in Herrlingen, naby Ulm. Tydens die besoek het Strölin Rommel oor die bestaan van die verset ingelig en hom probeer oorhaal om sy gewig daarby in te gooi. Volgens Irving het Rommel beslis geweier om daarop in te gaan en Strölin onverrigter sake weggestuur (p.300). Maar volgens Strölin se vertelling aan Young het die onderhoud seker vyf tot ses uur geduur. Rommel sou aandagtig geluister het, waarop afgespreek is dat hy Hitler eers sou probeer oortuig dat die oorlog 'n verlore saak was en dat vrede die enigste uitweg was. Sou dit nie slaag nie, sou hy direk optree. Hy sou gesê het: "Ek glo dit is my plig om tot die redding van Duitsland te kom." Voordat dit egter sover was, is hy op 17 Julie 1944 ernstig gewond (*Rommel*, Fontana, 1955, p.240). Lewin, wat ook ander bronne geraadpleeg het, kom tot dieselfde gevolgtrekking (*Rommel as Military Commander*, p.232).

Hieroor laat Irving ons volkome in die donker. En van 'n uiters belangrike uitlating van Rommel aan admiraal Friedrich Ruge, dat Hitler nie omgebring moes word nie, maar voor 'n militêre regbank moes teregstaan (Young, *Rommel*, p.247), vertel hy ons ook niks nie. Sou dit wees omdat dit nie by sy interpretasie van die gebeure inpas nie? Mens sou geneig wees om, waar Irving en ander skrywers bots, eerder sy weergawe te aanvaar. Hy baseer dit per slot van sake op primêre bronne, maar omdat hy geen voetnote gebruik nie, is dit meestal onmoontlik om die aard van sy bronne te identifiseer. En omdat hy in moeilike gevalle nooit die verskillende, mekaar teensprekende bronne evalueer nie, word dit onmoontlik om sy weergawe voldoende krities te lees.

Dit is beslis 'n ernstige mankement van die werk. Mens kry trouens die indruk dat Irving so boeiend en leesbaar wou skryf, dat hy doelbewus polemieke omseil en daardeur mede-historici die moontlikheid om sy werk op afstand krities te beoordeel, ontneem het.

'n Laaste opmerking: nieteenstaande Irving se uiters deeglike bronnestudie en volledigheid in die aanbod van feite, is dit duidelik dat hy nie veel van die krygswetenskap weet nie. 'n Werklike beeld van Rommel se krygstalente — wat een van die belangrikste aspekte van enige biografie van hom behoort te wees — kry die leser nie. Uit die aangebode feitemateriaal kan weliswaar afgelei word dat Rommel dikwels te waaghalsig en roekeloos opgetree het en dat die beeld wat hy self in sy eie *Rommel Papers* geskep het, soms te vleiend is. Maar dit word nie nader uitgewerk nie; dit word te dikwels aan die leser oorgelaat om sy eie gevolgtrekkings te maak. Die feit dat daar maar twee kaarte in die hele boek is, maak dit ook nie makliker om Rommel se bewegings en krygshandelinge te volg nie.

Die verskyning van Irving se biografie is ewenwel 'n belangrike gebeurtenis, nie alleen omdat hy soveel tot nog toe onbekende bronne aangeboor het nie, maar omdat 'n skat aan nuwe gegewens oor Rommel se lewe en die Tweede Wêreldoorlog in die algemeen openbare kennis gemaak is. As sodanig kan dit as belangrike boustowwe vir verdere pogings dien; want 'n "finale" Rommelbiografie is dit nog nie — ander historici sal die draad verder moet opneem.

LEOPOLD SCHOLTZ
*Rijksuniversiteit te Leiden*

GEORG G. IGGERS, *New Directions in European Historiography*. Wesleyan University Press, Middletown, Connecticut, 1975, 229 pp.

Prof. Iggers, 'n historikus wie se ouers Duitsland onder Hitler verlaat het, bevind hom vandag in Amerika waar hy 'n belangrike bydrae gelewer het oor die geestesgeskiedenis van Duitsland. Hy het o.a. in 1968 'n boek uitgebring, *The German Conception of History: The national Tradition of Historical Thought from Herder to the Present,* wat in 1971 in Duits uitgegee is as *Deutsche Geschichtswissenschaft.*

Die jongste publikasie van prof. Iggers gaan 'n stap verder, want hy het 'n baie deeglike studie gemaak van die nuwe strominge in die Europese geskiedskrywing van na die Tweede Wêreldoorlog, veral van die afgelope vyftien jaar. Sy kennis berus nie op wat ander oor die historiografie van Europa gesê het nie; hy het die moeite gedoen om self die boeke te lees en die nuwe oriëntering daaruit te staaf. Dit was 'n enorme taak. Daarom dat hy hom beperk het tot die jongste tyd, hoewel hy die aanloop telkens uit die 19e en 20e eeu neem.

Die vier opstelle wat hierin gebundel is, handel oor die huidige krisis in die konvensionele opvatting van "wetenskaplike" geskiedenis soos deur Ranke gegrondves, die Franse Annalesskool, die ontwikkelinge in Duitsland sedert die sestigerjare en die Marxistiese en die moderne sosiale geskiedenis. Die tema van die

opstelle is die verval van die Duitse wetenskaplike model van geskiedskrywing in die 20e eeu, wat nie die prysgawe van dié soort geskiedskrywing beteken nie; eerder is dit 'n soektog na nuwe, alternatiewe modelle wat groter wetenskaplikheid kan bied deur 'n verruimde ondersoek van die verlede en meer oortuigende riglyne vir so 'n ondersoek.

Die opstelle is nie bedoel as 'n omvattende opname van die vernaamste ontwikkelinge in die huidige geskiedenisbeoefening nie. Hulle probeer om weer eens te omskryf waaruit die geskiedwetenskap bestaan. Hy onderskei drie ideaal-tipiese benaderings, nl. die nomologiese, die post-hermeneutiese en die dialektiese benadering van Marx, wat al drie afwyk van die "wetenskaplike geskiedskrywing" van Ranke soos beoefen tot in ons tyd. Al drie is gelyktydige reaksies op die ontoereikendheid van die bestaande tradisionele geskiedenisbeoefening. Iggers plaas die drie strominge binne 'n kritiese geskiedenis van die samelewing en die kultuur. Hy sien die studie van historiografie as 'n voortgaande gesprek tussen historici wat hulle in konkrete historiese situasies bevind. Dit is 'n bron vir 'n kritiese ondersoek na die wetenskaplike aard van die geskiedenis.

Terwyl die eerste opstel agtergrond verskaf vir die ontstaan en ontwikkeling van die wetenskaplike geskiedskrywing in die 19e en 20e eeu, konsentreer die ander drie op die nuwe ontwikkelinge en bied 'n verklaring aan vir die nuwe denke oor geskiedenis.

Die krisis van die konvensionele konsepsie van wetenskaplike geskiedenis kom daarby in dat dit ontstaan het in die wêreld van die 19e-eeuse opkoms van die nasionale staat in 'n voor-industriële tydperk; terwyl die tematiek en metodologie dieselfde gebly het tot in ons tyd, nl. die staat, nasie, historiese persoonlikhede en buitelandse betrekkinge, benader met die individualiserende hermeneutiese metode wat op die "verstaan" van die Historisme ingestel is, het veranderinge ingetree bepaal deur die stedelik-industriële samelewing wat nuwe vraagstellings en probleme na vore gebring het, waaraan die tematiek en metodologie van die tradisionele geskiedskrywing nie meer kan voldoen nie, en om dié rede het die wetenskaplike geskiedenis "konvensioneel" of verouderd geword.

Die nomologiese benadering soos o.a. by die Franse Annalesskool is 'n terugkeer tot die 18e-eeuse Rasionalisme en die Positivisme van Comte. Dit het die politieke geskiedenis vervang deur die sosiale geskiedenis, wat analities, struktureel en "totaal" benader word in die sin dat die "totale" mens tot objek van die historiese ondersoek word. Die Duitse post-hermeneutiese benadering het ook die klem na sosiaal-ekonomiese temas verskuif en vind aansluiting by Max Weber se "ideaal-tipiese" benadering wat op die soek na konstantes en reëlmaat in die geskiedenis ingestel is. Die Marxisme en Neo-Marxisme konentreer ook op 'n analise van sosiaal-ekonomiese faktore en is nog steeds ingestel op die vind van "wette" wat die samelewing en die toekoms bepaal. Sommige Europese historici het die Marxistiese benadering aanvaar, egter sonder die onbuigsame determinisme van die klassieke Marxisme.

Die opstelle toon aan hoe geskiedenis en sosiologie nader aanmekaar beweeg het en hoe daar gepoog word om geskiedenis te lig uit die geesteswetenskappe en onder die sosiale wetenskappe tuis te bring. In Duitsland noem Hans-Ulrich Wehler dit 'n "kritiese sosiaalwetenskap". Die Franse sosiale geskiedenis is 'n wegbeweeg van Ranke se klassieke wetenskaplike geskiedskrywing wat die politiek tot sentrum gehad het, terwyl die Duitse geskiedskrywing sterk onder die invloed van die Amerikaanse sosiaalwetenskaplike opvatting van die geskiedenis gekom het. Al drie rigtings neig sterk na 'n kwantitatiewe benadering van die geskiedenis waarin statistiek 'n belangrike funksie vervul. Die nuwe oriëntering neig egter om die verhalende karakter van die geskiedenis te vervang deur 'n analitiese en strukturele wat sy leesbaarheid aantas en hom vervreem van die publiek.

F.A. VAN JAARSVELD
*Universiteit van Pretoria*

*P. DE KLERK, Die Opvoedingstaak van die Vak Geskiedenis.* Boekhandel De Jong, Johannesburg, 1977, 263 pp., R10,50.

Hierdie werk, nr 59 in die Publikasiereeks van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, is in 1974 as proefskrif vir die Doktorsgraad in Opvoedkunde deur dr De Klerk aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ingelewer. Dit volg op sy *Geskiedenisvergelyking* wat in 1970 as proefskrif vir die Doktorsgraad in Geskiedenis by dieselfde universiteit ingelewer is en in 1973 gepubliseer is as nr. 23 in die Reeks van die RGN.

Die twee studies staan in noue betrekking tot mekaar. In *Geskiedenisvergelyking* gaan dit om die geskiedeniswetenskap wat betref die gebruik van vergelykende metodes gerig op generalisasie; wat 'n kenmerk van die geskiedenisbeoefening van ons tyd is. Dit dra egter nie iets oorspronkliks by tot die diskussie daaroor nie, en stel slegs bekend. *Die Opvoedingstaak van die Vak Geskiedenis* handel daarteenoor oor die onderrig van geskiedenis veral aan die universiteit. Die twee boeke het betrekking op wat in Duitsland "Forschung und Lehre" genoem word. Beide is van belang vir die geskiedenisbeoefening in Suid-Afrika. Die eerste vanweë ons eensydige tematiek en metodologie wat van die 19de-eeuse "wetenskaplike" geskiedenis geërf is en wat onveranderd in 'n veranderde samelewing toegepas word. Dit vestig die aandag op nuwe temas en metodes wat hier nog nie toegepas word nie. Die tweede boek is van belang vanweë die vergelykingsbasis wat dit verskaf tussen die Suid-Afrikaanse en die Westerse wetenskaplike en opvoedkundige doelstellinge met geskiedenis.

Die skrywer se probleem is welke rol geskiedenis as vak in die opvoeding van 'n gemeenskap behoort te speel, in besonder in die voorbereiding van mense om 'n bepaalde taak in die gemeenskap te vervul. Nader omskryf, kom dit neer op die vraag hoe moet opvoedingswerk aan bepaalde instansies, soos die skool en die universiteit, en geskiedenisbeoefening aan bv. universiteite en navorsingsinstitute op mekaar afgestem word, sodat opvoeding en geskiedenisbeoefening beide ten beste bevorder kan word. Die skrywer streef 'n tweeledige doel na, nl. om na te gaan hoedat die onderwys- en navorsingswerk in geskiedenis kan bydra tot die uitvoering van die opvoedingstaak van bepaalde instansies, en op welke wyse opvoeding gedoen behoort te word sodat kennis en insig in die geskiedenis soveel as moontlik bevorder word.

Om hierdie taak ten uitvoer te bring, plaas die skrywer universitêre geskiedenis binne die raamwerk van die plek en taak van die universiteit in die algemeen, en toon dan aan hoe die vak tot hierdie taak van die universiteit kan bydra. Hy ondersoek die doeleindes van die geskiedenisbeoefening sonder om na spesifieke Suid-Afrikaanse universiteite te verwys en hou 'n ideaal-tipiese beeld voor van wat gedoen behoort te word. Trouens, die hele boek het 'n normatiewe en idealistiese inslag.

Dr. De Klerk behandel die krisis in die moderne universiteit, maar verwys ook na die krisis binne die geskiedwetenskap en die onderrig van geskiedenis wat albei vandag in die Weste onder 'n vraagteken staan. Dit gaan in 'n groot mate om die probleem van die relevansie. Die "ou" wetenskaplike benadering het homself in die moderne industrieel-stedelike samelewing oorleef en die skok van die Tweede Wêreldoorlog het vertwyfeling oor die nut en waarde van geskiedenis gebring. Om hierdie redes alleen is die bevindinge van die skrywer van belang. Hy het veral Anglo-Saksiese literatuur in hierdie boek verwerk, wat as 'n teoretiese verkenning dien, sonder dat 'n studie van die geskiedenisbeoefening of 'n empiriese ondersoek na onderwys- en navorsingswerk in die verskillende lande beoog word. Hy konsentreer op riglyne vir Suid-Afrikaanse universiteite met betrekking tot die plek van geskiedenis sonder dat hy ondersoek gedoen het na presies hoe hulle hul geskiedenisdepartemente inrig en wat hulle plaaslik beoog. Na die historiese bedryf aan ons universiteite soek ons tevergeefs. Die werk bly normatief en ideaal-tipies en gee as sodanig nie historiografiese insig nie.

Dit is 'n boek wat met vrug deur historici wat hulle as opvoeders beskou, gelees kan word. Dit werk verhelderend by die doelstellinge wat met navorsing en onderrig beoog kan word. Dit is goed dat daar selfondersoek gedoen word na ons bedrywighede met die geskiedenis. By die lees en bibliografie mis 'n mens veral verwysings na die nuwe strominge in die geskiedwetenskap en die diskussies oor die onderrig van geskiedenis wat veral in Duitsland woed. Daar bestaan 'n enorme literatuur oor hierdie tema waarvan die skrywer buite die Anglo-Saksiese wêreld om nie van kennis dra nie.

Die skrywer gaan uit van 'n Christelike visie van die werklikheid en van die universiteit en die geskiedbeoefening. Hy trag in besonder om na te gaan wat die taak van 'n Christelike universiteit en van 'n Christelike historikus in die huidige samelewing behels.

F.A. VAN JAARSVELD
*Universiteit van Pretoria*

ALAN H. WINQUIST, *Scandinavians and South Africa*. A.A. Balkema, Cape Town, 1978, photographs, maps, 268 pp., index, R15,00.

Van al die buitelanders wat in Suid-Afrika bedrywig was en tot die kulturele, sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die land bygedra het, het die aandeel van die Skandinawiërs tot dusver weinig aandag geniet. Daar het weliswaar in die Skandinawiese lande verskeie studies oor die werksaamhede van

Noorweegse en Sweedse sendelinge in Suid-Afrika verskyn, maar dié werke is uiteraard vir die meeste Suid-Afrikaners ontoeganklik. In Suid-Afrika is daar, afgesien van enkele verspreide artikels oor die Skandinawiërs se aandeel aan die Anglo-Boereoorlog, min navorsing oor hulle rol in die Suid-Afrikaanse samelewing gedoen. Hierdie omvattende werk vul dus 'n leemte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, waarin die bydraes van onder meer die Britte, Duitsers en Amerikaners reeds aandag geniet het.

Die skrywer bestryk 'n omvattende tydperk wat strek vanaf die Blanke vestiging en uitbreiding in Suid-Afrika tot die Anglo-Boereoorlog. Die verhaal ontplooi rondom uitstaande Skandinawiërs wat as ontdekkingsreisigers, natuurwetenskaplikes, regeringsamptenare, handelaars en sakemanne tot die ontwikkeling van die land bygedra het. Gedurende die tweede helfte van die 17de eeu het verskeie Skandinawiërs in diens van die V.O.C. getree. Veral Pieter van Meerhoff, Oloff Bergh en Hendrik Jacob Wikar het 'n belangrike bydrae tot die oopstelling van die binneland gelewer, terwyl Anders Sparrman en Carl Thunberg as natuurwetenskaplikes daarvoor gesorg het dat inligting oor die inheemse bevolking en plante- en diereryk versprei is. Tydens die 19de eeu was die Skandinawiërs hoofsaaklik as handelaars en sendelinge in Suid-Afrika bedrywig, terwyl enkele Sweedse afstammelinge ook 'n belangrike politieke rol gespeel het. Anders Stockenström se seun, sir Andries, was byvoorbeeld 'n belangrike amptenaar in die Britse administrasie, en Carl Gustav Trägårdh se kleinseun, Louis Tregardt, het 'n belangrike Trekkerleier geword.

Een van die beste hoofstukke in die boek is die bespreking van die Skandinawiese sendelinge se bedrywighede in Suid-Afrika. Na 'n kort uiteensetting van die opbloei van sendingywer in die Skandinawiese lande en die algemene sendingbedrywighede in Suid-Afrika, behandel die skrywer die werksaamhede van die Noorweegse Sendinggenootskap en die "Church of Sweden Mission" onder die Zoeloes. Alhoewel hy nie huiwer om aan te toon dat sendelinge soos Hans Schreuder, Ommund Oftebro en Otto Witt se houding jeens die Zoeloes dikwels deur vooroordeel en paternalisme gekenmerk is nie, beklemtoon die skrywer tog dat die sendelinge belangrike opvoedingswerk en mediese dienste verrig het. Trouens, dit blyk dat die Skandinawiese sendelinge en hulle afstammelinge nie slegs 'n belangrike rol in die geskiedenis van Zoeloeland gespeel het nie, maar ook in hoë mate daarvoor gesorg het dat die geskiedenis van dié gebied te boek gestel is.

Die bekendste aspek van die Skandinawiërs se rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is sekerlik hulle deelname aan die Anglo-Boereoorlog. Die Skandinawiese Korps, wat deur Axel Uggla tot stand gebring is, het hom onder meer so goed by Magersfontein van sy taak gekwyt, dat hy uit alle oorde lof ontvang het. Piet Cronjé het byvoorbeeld aan Paul Kruger berig dat die Boere hulle oorwinning buiten God ook aan die Skandinawiërs te danke gehad het. Die skrywer belig egter ook 'n ander faset van die Skandinawiese rol tydens die oorlog: baie het hulle aan die kant van die Britte geskaar, terwyl instansies en dagblaaie in die Skandinawiese lande hulle met die Britse oorlogsideale vereenselwig het. In Natal en die Kaapkolonie het Skandinawiërs by die Britse magte aangesluit, terwyl die "Church of Sweden Mission" en sy sendelinge die Britse saak ondersteun het.

Werke van dié aard is dikwels geneig om in 'n aaneenryging van biografieë en anekdotes te ontaard. Winquist het sy onderwerp biografies benader en plek-plek onderbreek die bekendstelling van persoonlikhede die verhaalgang. Oor die algemeen het hy egter daarin geslaag om die uitstaande individue doeltreffend by sy hooftemas in te skakel. Die werk is gegrond op uitgebreide navorsing in Swede, Denemarke en Brittanje, en toon opnuut dat daar verskeie argivale bronne in die Skandinawiese lande versprei lê wat moontlik meer lig op die Anglo-Boereoorlog en die sending in Suid-Afrika kan werp.

Die boek is tegnies nie goed versorg nie en word veral ontsier deur slordige en amateuragtige kaarte.

J.T. DU BRUYN
*Universiteit van Suid-Afrika*

O.J.O. FERREIRA (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899—1902*. RGN, Pretoria, 1977, 238 pp., illus., indeks, R8,00.

Die Instituut vir Geskiedenisnavorsing het die afgelope tyd dagboeke uitgegee wat die Anglo-Boereoorlog vanuit verskillende gesigspunte belig. Tot dusver het daar onder meer die dagboek verskyn van 'n gekultiveerde Afrikaner wat hom nie langer met die Boere se oorlogspoging kon versoen nie en hom by die Engelse magte geskaar het, en onlangs dié van 'n eenvoudige, gewone burger wat hom hoofsaaklik by alledaagse gebeure en persoonlike belewenisse bepaal. Die jongste bronnepublikasie van die Instituut handel oor die lotgevalle van Leendert Corstiaan Ruijssenaers (1874—1954), 'n lid van die Hollanderkorps.

Sy dagboek beskryf sy kort militêre loopbaan aan die Natalse front waar hy by Elandslaagte gevange geneem is, sy aanhouding op verskeie skepe in Simonsbaai en in kampe in Simonstad, en sy eentonige verblyf as krygsgevangene in Deadwoodkamp op St. Helena.

Soos dit soms die geval is met die ander dagboeke in hierdie reeks, bied hierdie geskrif 'n beperkte perspektief op die oorlog. Ruijssenaers het hom nie in die hoofstroom van gebeure bevind nie en het ook geen aandeel aan belangrike krygsbesluite gehad nie. Sy dagboek het gevolglik militêr-histories min om die lyf. Maar hy was 'n fyn waarnemer wat nie slegs boeiend en onderhoudend kon beskryf nie, maar ook intelligente kommentaar kon lewer. Gevolglik bied hy van binne-uit 'n besondere blik op die kommandolewe en die ontberings van die krygsgevangenes. Sy waarnemings van die militêre voorbereidings en die slag by Elandslaagte hou seker niks nuuts vir die militêre historikus in nie, maar sy beskrywings van die daaglikse kommandolewe by Zandspruit en die slagveld by Elandslaagte is so raak en aangrypend dat min geskiedskrywers hom dit sal kan nadoen.

As Nederlander was Ruijssenaers in 'n posisie om die Boere en Engelse redelik afgetrokke te betrag. Veral sy uitsprake oor en siening van die Boere bied interessante inligting oor hulle houding jeens die oorlog, hulle godsdienstigheid en hulle vindingrykheid. Uit die dagboek blyk onder meer die Boere se fatalistiese siening van die oorlog: "Och als nou die God wil dat ons dit land verlies, kan ons daar niks aan doen nie" (p.127). En as die uitlanders onder die krygsgevangenes taamlik neerslagtig was oor militêre terugslae, het die Boere psalms en gesange aangehef. Hierbenewens werp die geskrif ook lig op die Boere se houding jeens die Engelse en gevangenes wat begin twyfel het aan die Boeresaak. Dit wil voorkom asof die Boere taamlik verdraagsaam was teenoor die Engelse, en byvoorbeeld nie geglo het dat koningin Victoria vir die uitbreek van die oorlog verantwoordelik gehou kon word nie. Jeens die krygsgevangenes wat moedeloos begin word het, was die Boere egter minder verdraagsaam. 'n Gevangene wat Paul Kruger beledig het, het byvoorbeeld in die kamp se afvalsloot beland, terwyl die hutte van twee Boere afgebrand is wat ander gevangenes aangemoedig het om trou aan die Britse kroon te sweer.

Die redakteur het geen moeite ontsien om duisterhede in die teks op te klaar nie. In 'n omvattende inleiding word die geskrif in 'n breë historiese verband geplaas en word meer besonderhede oor Ruijssenaers, die totstandkoming en lotgevalle van die Hollanderkorps, die slag by Elandslaagte en Deadwoodkamp op St. Helena verstrek. Die annotasie van die teks berus op omvattende navorsing en is so verhelderend dat die gewone leser die verhaal sonder moeite kan volg. Die kultuurhistoriese waarde van die dagboek word verder verhoog deur 'n tiental sketse deur Ruijssenaers se mede-krygsgevangene, Erich Mayer, wat nou vir die eerste keer gepubliseer word. Verder is 'n naamlys van al die lede van die Hollanderkorps as 'n bylaag in die publikasie opgeneem.

Die waarde van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing se bronnepublikasies is daarin geleë dat hulle aspekte van die Anglo-Boereoorlog belig wat selde genoeg aandag in militêr-historiese werke en amptelike geskiedenisse kry. Aangesien verskeie instansies en individue tans met navorsing oor die Anglo-Boereoorlog besig is, wonder 'n mens net of die tyd nie nou aangebreek het dat die Instituut meer bronnepublikasies moet oorweeg wat ook ander fasette van die Suid-Afrikaanse verlede belig nie.

J.T. DU BRUYN
*Universiteit van Suid-Afrika*

A.M. DAVEY (ed.), *Lawrence Richardson Selected Correspondence (1902—1903)*. Second Series No. 8, Van Riebeeck Society, Cape Town, 219 pp.

Dié ondersoek na en verslag oor die naoorlogse toestande in die twee eertydse Boererepublieke aan die begin van hierdie eeu is rou in sy direk sprekende eenvoud. Die armoede en ellende — ook die deursettingsvermoë — van die verslane Afrikaners op 'n swart gebrande platteland word treffend uitgebeeld. Ekonomies was hulle geruïneer — vyf-sesdes van hul eiendom, of R50 000 000, daarmee heen. Met die karigste middele het hulle voor begin en het meer as een gesin, aldus ds. D.J. Viljoen van Reitz, daarna gesmag om tog maar net twee koeie en 'n ploeg te kon hê.

Lawrence Richardson was 'n Kwaker wat na die oorlog namens die Britse *Society of Friends* twee besoeke aan die eertydse republieke afgelê het om die behoeftes van die inwoners te bepaal. Hy was 'n skerp en onderskeidende waarnemer wie se eerstehandse bevindinge in 'n dagboek, uitgebreide korrespondensie

en twee verslae vervat is. Op sy eerste tog was hy vergesel van William H.F. Alexander en die tweede is meegemaak deur James Butler, redakteur van die *Midland News,* Cradock. Richardson se versameling geskrifte oor sy ondersoeke is 'n tyd gelede aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad geskenk en dit is hieruit dat prof. A.M. Davey dié seleksie geredigeer het.

Richardson was getref deur die op die oog af leweloosheid van die verwoeste landskap met sy nypende skaarste aan beeste, perde en skape, die afgebrande wonings, die stringe blokhuise, die nood van gesinne, weduwees en wese. In die Oranjerivierkolonie het dit hom opgeval hoeveel meer blokhuise as bewoonbare huise daar was. In die noordooste van hierdie ou republiek het hy die ergste verwoesting aangetref. Hy skryf: "We have seen hundreds of ruined farms and we were told that Frankfort had been 'wiped out', but still the sight of it came as a shock ... Not a roof has been left in the place, not a stick of furniture, not a handbreadth of timber...A litter of twisted corrugated iron sheets is all that is left of a few frame houses. The Dutch church, the largest and handsomest building in the place, contains nothing but a similar litter of sheets from the roof..." (p.83—84).

Hy teken met 'n vaardige pen en identifiseer die mense met wie hy onderhoude voer: Botha, Hertzog, Smuts, Milner en 'n skaar andere. Milner is vir hom die verligte despoot vir wie enige kritiek verraad is; vandaar die Afrikaners se wantroue jeens hom. Raak beskryf hy die verskil tussen Boer en Engelsman: die een 'n landeling, die ander 'n stedeling; die Boer wat oorleef op 'n kaal gestroopte plaas waar die Engelsman van honger sou omkom; die Engelsman wat tuis is in die stad waar die Boer 'n werklose vreemdeling bly. Ewe raak is hy in sy siening van dit wat Boer en Engelsman geslagte lank uitmekaar sou hou: hul uiteenlopende lojaliteit teenoor "home".

Hoog was die nood wat hom in die gesig gestaar het, maar aan harde kontant had *The Friends' South African Relief Fund* dit nie te rojaal nie. Tog het die organisasie 'n dankbare diens gelewer ter heropbou van die verwoeste biblioteke van predikante, in die opspoor en terugsending van oorlogsgeroofde familiebybels en in die bemiddeling van geld vir studiebeurse aan verdienstelike leerlinge. Die begunstigde predikante en leerlinge se name word genoem.

Hierdie boek bevat waardevolle boustof vir enigeen wat 'n studie van die heropbou na die oorlog wil maak. Dit is uitstekend geredigeer met 'n bondige inleiding en agtergrondskets — 'n bronnestudie in die beste tradisie van die Van Riebeeckvereniging.

A.J. VAN WYK
*Universiteit van Pretoria*

H.E.S. FISHER & A.R.J. JURICA (eds.), *Documents in English Economic History — England from 1000 to 1760.* G. Bell & Sons, London, 1977, xxvii + 547 pp, index, R32,40.

Dit is die eerste van twee bande wat dokumente in die Engelse ekonomiese en sosiale geskiedenis vanaf die Noorse inval tot die twintigste eeu saamvat. Die eerste band dek voor-industriële Engeland en die doelwit is om studente bekend te stel met 'n groot verskeidenheid primêre bronne waaruit die geskiedenis geskryf word.

Die onderwerpe waaronder die dokumente ingedeel is, is wyd uiteenlopend — landbou-ekonomie, industriële aktiwiteite, handel en vervoer, buitelandse handel, finansies, lewenstoestande, ekonomiese beleidsrigtings, ens. Die keuse van dokumente in elke afdeling is omvattend en is so gerangskik dat elke tema deurlopend oor die hele tydperk beskou kan word. In plaas daarvan om kommentaar oor elke dokument te lewer, is daar 'n kort inleiding by die verskillende afdelings wat as agtergrond tot die daaropvolgende dokumente dien.

Wat veral opval, is die groot verskeidenheid bronnesoorte wat in die werk ingesluit is. Dit toon aan dat die historikus behalwe amptelike dokumente 'n ontsaglike wyer bronneskat tot sy beskikking het. Daar is byvoorbeeld dele uit letterkundige werke (ballades, gedigte, selfs 'n aanhaling uit Shakespeare se *As you like it*), advertensies, huishoudelike dokumente, besigheidsrekords, weerberigte en die spesifikasies vir die bou van Westminster-abdy. Dit is juis hierdie dokumente wat die daaglikse lewe van die gewone mens die beste toelig.

Daar moet egter genoem word dat die betekenis van 'n hele aantal dokumente nie baie duidelik is nie en dat die gemiddelde student meer leiding sal moet kry as wat soms in hierdie werk aangegee word. Ook is dit duidelik dat die skrywers in hulle keuse van dokumente deur hedendaagse ekonomiese vraagstukke gelei is. Verder is daar oor die periode na 1485 baie meer dokumente as oor die voorafgaande tydperk, maar dit is

te verstane. Tog, ten spyte van hierdie tekortkominge, behoort die dokumenteversameling veral vir die honneursstudent van groot waarde te wees.

L.J. HEYDENRYCH
*Universiteit van Suid-Afrika*

G.R. ELTON, *Reform and Reformation, England 1509—1558* (No. 2, The New History of England, eds. A.G. Dickens & N. Gash). Edward Arnold, London, 1977. (Book Promotions, P.O. Box 40, Wynberg, 7824), viii + 423 pp., R8,95.

Dié kenner van die Tudor-geskiedenis het in sy publikasies van die afgelope byna 30 jaar reeds verskeie ortodokse opvattinge omvergewerp en met nuwe sieninge vorendag gekom. Hy aarsel nie om sy saak te stel nie en doen dit gesagvol. In hierdie werk van hom, wat op die jongste navorsing gegrond is, staan die hooffigure in byna lewende gestalte — sommige ontdaan van eertydse glorie en romantiek; ander met 'n nuwe kleed van fatsoenlikheid aan.

Soos elders reeds gedoen, bv. in *The Reformation 1520—1559* wat in 1975 onder sy redakteurskap as 2e deel van *The New Cambridge Modern History* herdruk is en in Hans J. Hillerbrand, *The World of the Reformation* (1975), spreek hy hom uit teen die opvatting van die bestaan van algemene verdorwenheid in die Kerk op die vooraand van die Hervorming. Volgens hom het die jongste navorsing aan die lig gebring dat nòg simonie nòg sodomie so algemeen voorgekom het soos wat eens geglo is en dat die laer geestelikes ook nie so ongeleerd was soos al beweer is nie. Maar, sê hy, die indertydse opvatting oor die wantoestande in die Kerk het die regte klimaat vir hervorming geskep; boonop was daar genoeg waarheid in die aanklagte om die anti-kerklike gevoel lewend te hou.

Desnieteenstaande het geen ander Europese land beter betrekkinge met die pousdom gehandhaaf as Engeland nie; dog daar was gevaartekens waarvan die Kerk totaal onbewus was en wat op die ou end daartoe gelei het dat Engeland deur die Hervormingsvuur verskroei is. Dit was inderdaad 'n revolusie, en die man wat dit bevorder en in die proses die koninkryk 'n gedaanteverandering laat ondergaan het, was Thomas Cromwell, met sy versiendheid en deursettingsvermoë.

Reputasies bly nie ongeskonde onder Elton se pen nie. Hendrik VIII tree verflenterd te voorskyn as "a shallow, capricious, self-righteous, immensely powerful egoist who would admit to no mistake and had developed to the highest degree a knack of grabbing the gold while casting the dirt upon others" (p.294). Hy toon aan dat Hendrik VIII die mees monargistiese van al die Engelse konings was, maar dat hy allermins die lotgevalle van sy land op 'n voortreflike wyse gerig het. Die grootste prestasies en deugde van sy bewind was die werk van beter en groter mense aan sy sy; die aaklighede en mislukkings die gevolge van sy eie optrede.

Terwyl Hendrik VIII afgekraak en fyngemaal word, word 'n tradisionele skurk soos die hertog van Northumberland op 'n hoë voetstuk geplaas.

Die verhaal word geskets teen die agtergrond van inheemse maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande en die spinnerak van internasionale betrekkinge. Vanweë die wydlopendheid daarvan is dit verweef en ingewikkeld — geen slaaptydstorie nie. Dit lees nie maklik nie, en dit is al beswaar teen die boek. As 'n wetenskaplike studie is dit 'n standaardwerk waarsonder nie klaargekom kan word nie.

A.J. VAN WYK
*Universiteit van Pretoria*

W.A. SPECK, *Stability and Strife*, England 1714—1760. Edward Arnold, London, 1977, 311 pp., appendices, bibl., maps.

This is one of the first volumes to be published in The New History of England Series under the general editorship of A.G. Dickens and Norman Gash. Such distinguished editorship augurs well for the future of the series and the two volumes which have so far appeared, the volume under review and G.R. Elton's *Reform and Reformation, England 1509—1558*, set a high standard for the remaining ones.

Dr Speck begins his work by pointing out that it is primarily a political history of the period but that even the narrowest approach to politics cannot ignore altogether their social dimensions. It is in fact in the analysis of social and economic conditions that the book's greatest value lies. The political history is largely

confined to the last third of the book where it is dealt with under the heading, Strife, whereas the analysis of social and economic conditions, under the heading, Stability, receives far more attention.

The movement of British politics from the party strife of Queen Anne's last months to the stable oligarchy of George II's final years is the major theme of the volume. So many historians have, in the past, attempted to explain this movement solely in terms of party political developments and changes, the decline of the Tories and the rise of the Whigs and their ultimate fusion into one ruling class. Speck, by contrast, examines the development against the social background. He traces the shifts in social and economic structure and relates them to the political movement.

In his chapter on social structure Dr Speck deals with a number of popular misconceptions about the upper classes in the early 18th century. He points out, for example, that at that time the English aristocracy was more of a closed circle than at any other time in history, marrying into each others' families and discouraging any connections with trade. Another misconception, resulting mainly from Macaulay's uncritical acceptance of biased sources showing the country gentry to be dominated by vulgar, largely illiterate squires, is dealt with. The personal papers of hundreds of gentry families are now available and reveal a class that was literate, educated and reasonably civilised. The author points out, too, that if there was social mobility in the early 18th century, it was in fact into the gentry class with the increasing assumption of the title "gentleman" by farmers and by professional and business men. In dealing with the lower classes, Dr Speck confirms the result of recent research which is shattering the long held belief in the permanence of village communities. Far from being fixed and stable, villages in early modern England had surprisingly fluid populations. The example he gives is interesting — in Cardington in 1782 of 109 families in the village, only 7 had parents who were both born in it and only ⅓ of the men had been born there.

The book is rich in information. Dr Speck is to be commended on a highly readable and erudite work.

J. LAMBERT
*University of South Africa*

JAMES AMBROSE BROWN, *South African Art.* Macdonald, Cape Town, 1978, 64 pp., 173 illus., R6,75.

Deur die jare heen het daar al heelwat boeke verskyn met die oogmerk om 'n goeie oorsig van kuns en kunsuitinge in Suid-Afrika te gee. Sulke poginge was altyd goed bedoel, maar het nie altyd bereik wat die skrywers voor oë gehad het nie. Deurgaans was die uitgangspunt te wyd, of het dit naderhand geblyk dat daar baie meer rigtings is as wat aanvanklik besef is. Ondanks goeie voornemens staan die tekortkominge in sulke werke dikwels sterker uit as die meriete.

J.A. Brown het die probleem omseil deur die veld so breed as moontlik te benader, maar tegelykertyd die afsonderlike onderwerpe beknop te hou. Hy het meesterlik daarin geslaag om in dertig hoofstukke 'n omvattende en duidelike oorsig van ons kunsgeskiedenis saam te stel. Elke hoofstuk bestaan uit twee bladsye, waarvan een net afbeeldings met toeligting bevat. Ons maak kennis met reisigers, sendelinge en handelaars wat met sekere talent die gebiede waardeur hulle getrek het, in beeld gebring het. Daar is historiese taferele, oorlogskuns, diere, voëls, blomme en monumente. Dit word gevolg deur godsdiens in die kuns, posseëls, weefkuns, pottebakkery, juwele, moderne kuns en grafiese kuns. Ten slotte word verwys na kunsopvoedingsmoontlikhede, kunsmuseums en die stigters van 'n aantal groot privaat en nasionale versamelings. Daar is 'n lys van kunsboeke wat geraadpleeg kan word, maar wat uitgebreider en noukeuriger kon gewees het: daar is nouliks iets oor boukuns en Hattersley se boek is nie 'n harde geskiedenis nie, maar *An Illustrated Social History of South Africa.*

As gevolg van die rasionele beperking in die teks en die uitstekende keuse van illustrasies het die skrywer daarin geslaag om 'n baie goeie en omvattende oorsig te verskaf van die verskillende aspekte van Suid-Afrikaanse kuns en van die belangrikste op elke gebied, met die verskillende rigtings en periodes. Binne hierdie bestek kan mens nouliks iets beters wens.

Ondanks die aansienlike aantal mooi afbeeldings, waarvan 'n groot deel in kleur, is die prys opmerklik laag. Die boek is die agste deel van die Macdonald Heritage Library, wat beoog om in kort opsommings verskillende aspekte betreffende Suid-Afrika weer te gee, veral deur middel van afbeeldings.

F.G.E. NILANT
*Universiteit van Pretoria*

I.C. NEFF & C.V. MAGGS: *Dictionary of Oriental Rugs.* Ad. Donker, Johannesburg, 1977, 238 pp., 84 illus., R19,95.

Deur die eeue heen was daar nog altyd belangstelling in die Oosterse en Persiese mat, maar nog nooit so groot soos tans nie. Dit blyk uit die groot aantal wetenskaplike en populêre boeke wat gepubliseer word meestal oorvloedig geïllustreer met gekleurde afbeeldings. Wie geen mat kan bekostig nie, kan darem 'n boek koop en dié afbeeldings bekyk. Veel van hierdie boeke verduidelik bowendien die knooptegnieke, die patrone en die plekke of streek waar 'n mat sy oorsprong gevind het.

Ook in hierdie boek van Ivan C. Neff en Carol V. Maggs, albei van Johannesburg, is pragtige gekleurde afbeeldings; maar die studie verskil geheel en al van wat tot nou toe verskyn het. Dit bevestig dat dit van belang is om die naam van 'n mat te weet, maar so 'n naam kan 'n hele aantal verskillende begrippe omvat. Dit kan dui op die stam wat die mat gemaak het, of die plek of tydperk waarin dit gemaak is. Boonop verskil die matte ten opsigte van die doel waarvoor hulle gemaak word: eie gebruik of vir verkoop. In die laaste geval word party ontwerpe wat goeie aftrek vind, veelvuldiger gemaak as ander. Oorloë, rondtrek van werksmense, afsondering, die rondswerf van stamme en afgeleë markplekke is alles faktore wat die matte beïnvloed. Veral in die moderne tyd het die meesterwewer, met sy omvangryke ateljee, groot invloed begin uitoefen. Namate die handel toeneem, verminder die invloed van tradisie. Ook staatsbemoeiing dra by tot drastiese verandering in die voorkoms en kwaliteit van die matte.

Johannesburg is een van die groot sentrums vir verspreiding van Oosterse matte, en dis opvallend hoe populêr matte in die afgelope jare in Suid-Afrika geword het.

Ons is gewoond om vir identifikasie van so 'n mat veral te let op die knoop waarmee dit geweef is, die ontwerp van die figure, die kleur en materiaal, en ten slotte die sykante en eindstukke van die mat. Die groot verdienste van hierdie boek is egter dat die skrywers verduidelik hoe gevarieer en ingewikkeld al hierdie verskynsels in 'n mat kan wees en hulle dui die oorsake daarvan aan. Hulle wys ook daarop dat slegs een verskynsel werklik rigting kan gee, nl. die weefpatroon self. Hoe aantreklik die figure van 'n mat ook al mag wees, hoe pragtig die kleure, werklike sekerheid oor die mat kan uitsluitend verkry word deur 'n deeglike ondersoek van die agterkant. Hierdie standpunt word toegelig met kleurafbeeldings van verskillende matte, elkeen met 'n afsonderlike detail-afbeelding van die agterkant van die betrokke mat.

Aan die hand van hierdie 42 illustrasies en 600 name van matte met 'n kort beskrywing van elkeen, kan die leser hom op die hoogte stel van die aard en gehalte van 'n mat wat hy in sy besit het, of wat hy moontlik sou wil aanskaf.

Weens sy nuwe benadering is dit 'n uiters belangrike en unieke boek. Dit gee nie net groter sekerheid nie, maar lei tot voller waardering vir die matte wat so veelvuldig in huise in ons land aangetref word.

F.G.E. NILANT
*Universiteit van Pretoria.*

C. DANZIGER, *Looking at South Africa.* Macdonald South Africa, 97 Keerom Street, Cape Town.

Hierdie spieëlbeeld van enkele temas uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis is 'n aanwins vir leerling, student, leermeester en die algemene publiek. Dit is 'n reeks bestaande uit ses boekies van 24 pp. elk wat elk 'n spesifieke onderwerp behandel. Op elke dubbelbladsy word 'n aspek van die tema aangeroer en met 'n verskeidenheid van illustrasies, sommige in volkleur, opgeluister.

Die ses temas is *The Huguenots, Lord Charles Somerset, The Restless Frontier, The Zululand Campaign, The Jameson Raid* en *Jan Smuts.* Dit is in slap band beskikbaar teen R1,50 en in harde band teen R2,95 stuk. Die reeks is ook in Afrikaans verkrygbaar, maar dié is nie onder die oog gekry nie.

Die skrywer, senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad, moet gelukgewens word. Sy aanskouingslesse bevat nie slegs genoeg inligting vir 'n basiese begrip van elke onderwerp nie, maar prikkel ook die nuuskierigheid, terwyl die leersame onderverdeling van elke tema goeie riglyne vir verdere studie bied.

Die reeks behoort met vrug uitgebrei te kan word.

A.J. VAN WYK
*Universiteit van Pretoria*

G.D. Scholtz, *Afrikaner Waarheen?* Perskor, 1978, 178 pp., naamlys, R9,95.

Die belesenheid van die skrywer is goed bekend; desnieteenstaande word 'n mens weer daardeur getref by die lees van hierdie werk. Hy skryf met ewe gemak oor die Wes-Europese en Amerikaanse as oor die Russiese en Oosterse geskiedenis, van elk waarvan hierin 'n kort oorsig gegee word. Vir die verkryging van 'n perspektief op die wêreldgeskiedenis is hierdie boek, wat nie na behore geproeflees is nie, sekerlik nie te versmaai nie; maar dit is nie waaroor dit gaan nie. Dit is die toekoms van die Afrikaner wat bevraagteken word, dog dit word eers in die slothoofstuk gedoen en wel teen die agtergrond van die wêreldgeskiedenis.

Vir prof. Scholtz verkeer die wêreld met sy ruim 3 600 000 siele in duisternis, veroorsaak deur die twee wêreldoorloë, en is daar min hoop dat die duister sal wyk. Die Westerse wêreld bevind hom op die rand van 'n afgrond: Wes-Europa is ontman en Amerika, wat die leiding moet gee, is materieel sterk, maar geestelik swak en onbetroubaar. Die blanke Westerling is oral op die terugtog; die nie-blanke daarenteen op die uittog. "Enige miljoene nie-blankes uit die Ooste, Afrika en die Antille het hulle reeds in die een of ander Wes-Europese land gaan vestig ... Met die koms van hierdie nie-blankes word daar vir die Wes-Europese volke eenvoudig draketande gesaai; die nageslag sal met 'n ernstige vraagstuk te kampe kry" (p.112).

Die gevaar wat deur hierdie nie-blanke uittog geskep word, word vererger deur die groter wordende bedreiging uit die Ooste soos beliggaam in die magsbou van Rusland en Asië. Die toekomsbeeld is onrusbarend. "Die son kom in die Ooste op en dit sak in die Weste" (p.105).

Hoe raak dit die Afrikaners? Vir hulle is dit "vyf minute voor twaalf" (p.175), want teen die aanslae van buite en van binne sou hulle hul verniet op Amerika verlaat. Gebeurtenisse en uitsprake van die jongste verlede toon duidelik "dat Amerika vir die voortbestaan van die Afrikaanse volk beslis net so 'n groot bedreiging as Rusland is..." (p.153). In hul toestand van isolasie en te midde van die aanslae op hulle moet die Afrikaners hul geestelike swakhede afskud deur 'n lesende en studerende volk te word. Met 'n verryking van kennis sal hulle hulself onbevange kan bekyk en tot die besef kom dat daar vir hulle net een oplossing is, naamlik gebiedskeiding.

Hoewel hy dit nie duidelik stel nie, kom dit voor asof Scholtz die een of ander vorm van politieke magsdeling met die Kleurlinge en Indiërs voorstaan om so 'n blok te vorm teen die Bantoes, wat afgeskei moet word. Daar moet nie net gebiedskeiding wees nie, maar die blankes moet hulle ook in toenemende mate losmaak van nie-blanke arbied. "Die absolute noodsaaklikheid van gebiedskeiding sal waarskynlik alleen betwis word deur mense wat in meerdere of mindere mate 'n klap van die liberalisme weg het" (p.173).

Diep klowende gebiedskeiding tussen blank en swart word al geslagte lank deur Scholtz as oplossing aangebied, o.a. in sy *Die Gevaar uit die Ooste* (1957). Of dit nou met groter gretigheid as 30 jaar gelede aanvaar sal word, is te betwyfel. Sou die huidige geslag weier, glo hy, "dan is dit met die handhawing van blanke gesag aan die suidpunt van Afrika afgelope. En daarmee sal die Afrikaanse volk ook sy ondergang tegemoet gaan" (p.173).

Die boek sal 'n uiteenlopende uitwerking op sy lesers hê. Dit is 'n sedeles, soos die skrywer duidelik in die voorwoord verklaar, en as sodanig sal dit sommige aantrek en andere afstoot. Hoe ook al, dit bevat voldoende stof tot nadenke.

Scholtz kom met 'n aanklag teen die verlede, want hy sien die Afrikaners as "die erfgename ... van al die foute en misslae" van die voorgeslagte (p.167). Een hiervan is die Afrikaners se "aweregse vertolking van die Bybel" (p.136) wat gelei het tot hul siening van die nie-blankes as afstammelinge van Gam. Hieraan kan hy egter gerus perspektief gee deur te lees wat D.J.P. Haasbroek daaroor te sê het, o.a. in *Tydskrif van die Universiteit van Durban-Westville,* Vol. 1, Nr. 1, Nov. 1971, pp.11—16). Scholtz kom ook met 'n aanklag teen die Westerse volke wat mekaar in twee wêreldoorloë "...haas tot vernietigings toe bestry en hul gemeenskaplike kultuur en beskawing aan 'n ernstige bedreiging blootgestel" het (p.30).

Dit het sin om die "foute en misslae" van die verlede aan die kaak te stel, maar om dit op die aambeeld te plaas, kan tot die absurde lei — soos 'n kind wat sy ouers nie kan vergewe dat hulle hom in die wêreld gebring het nie. Aanklagte kan tot skuldgevoelens lei, en dié tot 'n kompleks wat 'n gees van defaitisme kan opwek — die teenoorgestelde van wat die aanklaer beoog het. As die 6 000 jaar beskawingsgeskiedenis dan niks anders as "'n Gevaarlike en 'n Sieklike Wêreld" (opskrif van die voorlaaste hoofstuk) gebaar het nie, watter sin had alles dan? Moet die Skeppingsdoel dan ook bevraagteken word? Alle "foute en misslae" geskied immers binne die historiese proses en om die tydsgebondenheid daarvan mis te kyk deur dit agterna bloot as misdrywe te verdoem, is om die betekenis uit die geskiedenis te haal.

Scholtz skryf in hierdie boek soos 'n dominee wat dit in sy preek oor die sonde het; hy straf en gesel

jou totdat jy jou ore wil toeldruk — òf doodverskrik en boetvaardig, òf gelate wagtend op die ramp der rampe wat jou moet oorval. Dit is nie uitsonderlik vir hom nie. By geleentheid van sy 70ste verjaardag in 1975 is hy in 'n artikel deur F.A. van Jaarsveld bestempel as 'n man wat hom in sommige van sy werke openbaar as "die profeet wat sy eie situasie diagnoseer, by die aantoning van gevare die alarm slaan en waarsku teen ondergang. Hy gee 'n prognose vir die toekoms en doen redmiddele aan die hand om dié te beveilig vir die Afrikaner" (*Historia*, 21ste j/g, Sept. 1975, p.106). Dié uitspraak is ook ten volle van toepassing op hierdie jongste werk. Scholtz is andermaal didaktikus, pragmatis, moralis en alarmis. Daarby mag gevoeg word swartgalligis, want hy kom so na aan die rol van lykbesorger dat die afbeelding van 'n doodkis op die laaste bladsy nie onvanpas sou wees nie.

A.J. VAN WYK
*Universiteit van Pretoria*

R. Pole, *The Decision for American Independence*. Edward Arnold, London (Book Promotions, P.O. Box 40, Wynberg), 1977, 129 pp., documents, index, R6,00.

Dit is 'n verdere aflewering in die reeks "Foundations of Modern History", waarvan daar al meer as 'n dosyn bande verskyn het. In 'n bondige bespreking van 56 bladsye, goed gedokumenteer, word die gesindhede en omstandighede ontleed wat tot die onafhanklikheidsverklaring deur die 13 Britse kolonies in Noord-Amerika in 1776 gelei het. Dit word gevolg deur 56 bladsye tersaaklike dokumente met kort verhelderende aantekeninge daarby, en met as laaste afdeling 'n bibliografiese en historiografiese opstel van agt bladsye.

Dit is nie slegs 'n hoogs bruikbare bron vir die student wat hom in hierdie aspek van die Amerikaanse geskiedenis verdiep nie, maar vir enigeen wat 'n behoorlike begrip wil verkry van die gees onder die koloniste vandat die Eerste Kontinentale Kongres in September 1774 byeengekom het totdat die Derde Kontinentale Kongres in Julie 1776 die onafhanklikheidsverklaring uitgereik het.

Die verteenwoordigers in hierdie reeks kongresse was allermins eendragtig van gevoel oor die kwessie van afskeiding en onafhanklikheid. Hulle was dit wel eens oor wat hulle as die beveiliging van Amerikaanse vryhede beskou het, maar die uiteenlopende ekonomiese, sosiale en streekbelange wat hulle verteenwoordig het, het 'n skerp verdeeldheid in gesindhede gebring. Terwyl die radikale groep onafhanklikheid nagestreef het, het die konserwatiewes al die moontlike gedoen om die bande met Brittanje te behou en die Britse ryk te bewaar. Aanvanklik het die konserwatiewe element oorheers en as koning Georg III en sy parlement nie so dominerend was nie, sou dit bes moontlik geseëvier het, waardeur die geskiedenis 'n totaal ander loop kon geneem het.

Daar was 'n onmiskenbare vrees vir 'n openlike verklaring van onafhanklikheid, of soos dit indertyd gestel is: "Independency is a Hobgoblin of so frightful Mien, that it would throw a delicate Person into Fits to look it in the Face" (p.45). Die houding van die Britse koning en parlement, die eerste bloedvergieting by Lexington en Concord, die noodsaak van finansiële voorsiening vir die oorlog wat op hulle afgedwing is, die behoefte aan 'n bondgenoot in die stryd en die beslissende invloed van Thomas Pain se *Common Sense* op die openbare mening het egter die eindbeslissing onafwendbaar gemaak.

Die krag van Pain se pamflet, waarvan goed 120 000 eksemplare verkoop is, het in sy heftige aanval op erflike mag gelê, en in dié verband het hy dinge gesê wat die meeste mense reeds geweet het, maar bang was om openlik te erken. Na die verskyning daarvan het 'n New Yorkse Tory geskryf: "There is a great talk of independence, and the unthinking multitude are mad for it ... A pamphlet called Common Sense, has carried off its thousands; an answer thereto has come out, but instantly seized from the printer's shop, and burnt in the street, as unfit to be read at this time" (p.41).

Pain se pamflet het in Januarie 1774 verskyn en dit is miskien nie toevallig nie dat die gety in die kongres van middel Februarie af ten gunste van onafhanklikheid gedraai het. Die konserwatiewes het egter steeds struikelblokke in die weg gelê, en selfs nadat hulle kopgegee het, moes die vyftigtal ondertekenaars van die onafhanklikheidsverklaring dit steeds voor oë hou dat hulle hoogverraad gepleeg het waarvoor hulle geen vergifnis sou kon verwag indien die rebellie militêr onderdruk sou word nie. Dit was met dié wete dat hulle die dokument afgesluit het met die woorde: "...we mutually pledge to each other our Lives, our Fortunes, and our sacred Honour".

Dit is 'n boek wat sterk aanbeveel word.

A.J. VAN WYK
*'niversiteit van Pretoria*

*Antiques in South Africa,* No. 2, 1978, 56 pp., illus., R3,00.

This is a new publication which is totally devoted to South African antique heritage. It is being produced twice a year by the Antique Collectors' Society of South Africa in a serious effort to boost South Africa's cultural and antique heritage, both locally and overseas. The Society's patron is Mrs. Tini Vorster.

This second issue contains an article on Cape silver by Stephen Weltz, and one by Stevens Banks on copper and brass utensils used in South Africa. Colourful photographs show the interior of Hawthornedene, the house of former mining magnate Sir J.B. Robinson at Wynberg in the Cape, while Mrs. Vorster has written a touching tribute to Princess Alice which links up with the cover story. Princess Alice recently gave to the Africana Museum in Johannesburg a magnificent early eighteenth century Chinese dish showing sailing ships in Table Bay.

One of the aims of the Society is to give the opportunity to small private collectors to write about their collections, and in this issue there are articles on dolls and wine labels.

The publication is well-presented and is in itself a collector's item. It is obtainable from book shops, or from the Antique Collectors' Society, P.O. Box 128, Constantia, 7868.

A.J. VAN WYK
*University of Pretoria*

## Aan die Redakteur

## KANADA EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

HUGH ROBERTSON, Posbus 467, Rivonia, 2128, skryf:

Die Anglo-Boereoorlog 1899—1902 was die geleentheid vir die eerste groot militêre operasie van Kanada oorsee. Daar is betreklik min geskryf oor dié deelname van die Kanadese troepe-afdeling. Ek is besig met ondersoek na die rol van die Kanadese strydkragte in hierdie konflik en sal in die komende maande deur Suid-Afrika reis om materiaal daarvoor te versamel.

Ek sal baie dankbaar wees as lesers van hierdie blad my met hierdie projek wil help indien hulle van briewe, dagboeke, notisieboeke, foto's, skilderye en enige ander materiaal betreffende die Kanadese in Suid-Afrika weet. Ek sal graag slagvelde waar Kanadese troepe in gevegte was, hul marsroetes en grafte besoek en ek sal aanwysings van plaaslike geskiedkundiges in hul gebied baie waardeer.

Afgesien van soldate was hier ook Kanadese verslaggewers, geneeshere, verpleegsters, geestelikes en onderwysers in die oorlogsjare bedrywig. Tydens my reise hoop ek om ook afstammelinge van Kanadese te ontmoet wat hulle ná die oorlog in Suid-Afrika gevestig het.

Enige hulp wat lesers kan verskaf ten opsigte van my projek, sal dankbaar aanvaar word.